

Sondag 31 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 5:1-10

Fokusgedeelte: Openbaring 5:5

Die seun van Dawid voleindig die wêreldgeskiedenis

Nadat Johannes die Almagtige op sy troon gesien het, verskuif sy aandag na die boekrol in sy regterhand. Hierdie boekrol is die raad van God waarin die voleinding van die wêreldgeskiedenis opgeskryf is. Die geskiedenis eindig nie net nie. God bring dit deur sy regering tot 'n volmaakte einde, en daarom noem ons die laaste dag ook die voleinding. Niemand is egter waardig om God se raad uit te voer nie. God het baie spesifieke vereistes vir die een aan wie Hy die voleinding van die wêreld gaan toevertrou.

Dis dan dat 'n ouderling vir Johannes troos. Ja, die kerk troos die kerk met die evangelie. Hierdie troos is vir ons bedoel. Die Leeu uit die stam van Juda, die seun van Dawid is waardig. Iemand wat uit die kerk gebore is, is waardig. Waarom is net Hy waardig? Ons lees dit in die lied in vers 9: ... *want U is geslag en het ons met u bloed gekoop vir God*. Hy is ook die Lam wat geslag is. Dan word dit duidelik: Die enigste een wat die Almagtige waardig ag om sy raad uit te voer, is die Een wat uit die kerk kom en die kerk losgekoop het met sy bloed.

Wat 'n wonderlike troos wanneer ons dink aan 'n jaar wat verby is en 'n nuwe jaar wat kom. Ons is in die veiligste hande denkbaar. Ja, wanneer die boek se seëls gebreek word, gebeur daar baie dinge wat 'n mens bang kan maak. Ons is egter in die hande van die Leeu wat ook 'n Lam is. Hierdie hele wêreld staan onder die regering van die Een wat ons liever gehad het as Homself. In sy regering is Hy altyd die Leeu uit die stam van Juda, maar ook die Lam wat vir sy kerk geslag is. Die Hoof van die kerk regeer oor alles sodat die wêreldgeskiedenis voleindig kan word. Geregtigheid sal geskied, die kerk sal verheerlik word en God sal alles in almal wees.

Skrifberyming 5-3:1, 2 (Skrifberyming 8)

Ds. RA (Ronald) Bain (Potchefstroom)